basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NSS 2019**
**'MEO' 2019**
**SS-KANDIDATE**

**GRAAD 12**

**RLGSZ.1**

**RELIGIESTUDIES V1**

**NOVEMBER 2020**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

# MIDDAGSESSIE

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Hierdie godsdiens verkondig dat daar lyding (smart) in die wêreld as gevolg van onvervulde menslike begeertes is:

A Bahá'i-geloof
B Judaïsme
C Boeddhisme
D Islam (1)

1.1.2 'Die Een lewer die Twee. Die Twee lewer die Drie en die Drie lewer die tienduisend dinge' is 'n aanhaling uit die …

A Talmoed.
B Tao Te Ching.
C Boek van Mormon.
D Vedas. (1)

1.1.3 Die onderafdelings van Judaïsme verskil hoofsaaklik ten opsigte van …

A geloof in die Tora.
B leer oor Jahweh.
C leiding (bestuur).
D praktyk. (1)

1.1.4 'Net soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle aan hulle doen' staan as … bekend.

A bevrydingsteologie
B die gulde reël
C die Handves van Gelykheid
D die Groot Gebod (1)

1.1.5 Smartisme, Shaktisme, Shaïvisme, Vaishnavisme in Hindoeïsme is die …

A vier kaste (stande).
B name van godhede.
C vier onderafdelings.
D vier doelwitte van die lewe. (1)

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 Hierdie godsdiens verkondig dat daar geen plan of doel met die skepping is nie:

A Islam
B Taoïsme
C Die Bahá'í'-geloof
D Judaïsme (1)

1.1.7 Die versameling van die leringe van die Profeet Mohammed staan as … bekend.

A die Koran.
B Openbaring.
C die Shahada.
D die Hadith. (1)

1.1.8 'Ons glo dat hierdie waarhede vanselfsprekend is, dat alle mense gelyk geskape is, dat hulle deur die Skepper met sekere onvervreembare regte toegerus is …' is 'n aanhaling uit die …

A Universele Verklaring van Menseregte.
B Handves van Barmhartigheid.
C Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring.
D Vryheidsmanifes. (1)

1.1.9 Die titel 'Boeddha' beteken …

A Majesteit.
B. Verligte Een.
C Uitverkorene.
D Here van Alles. (1)

1.1.10 Die jongste van die volgende godsdienste is …

A Boeddhisme.
B die Christelike godsdiens.
C Islam.
D Judaïsme. (1)


WESTERN CAPE

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die interpretasie (vertolking) van heilige geskrifte staan as … bekend. (1)

1.2.2 In die tweede millennium het Christene … jaar sedert die geboorte van Jesus gevier. (1)

1.2.3 Vir volgelinge van … is dit belangrik om sonder moeite in harmonie met die pad van die heelal te leef. (1)

1.2.4 Toe Martin Luther sy vyf-en-negentig stellings teen die kerkdeur in Wittenberg in Duitsland vasgespyker het, het dit tot die … gelei. (1)

1.2.5 … was 'n Indiese leier wat vir sy lering van geweldlose verset beroemd is. (1)

1.2.6 Wanneer 'n godsdiens hulle god as almoënd beskryf, beteken dit hulle glo dat hulle god … is. (1)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | 'n Suid-Afrikaanse geestelike leier wat die Nobelprys vir vrede ontvang het | A | Departement van Religiestudies |
| | | B | literalis |
| 1.3.2 | Hierdie verdrag het die godsdiens-oorloë van die Hervorming beëindig | C | Wesfale |
| 1.3.3 | 'n Persoon wat teen ortodokse godsdienstige oortuigings gekant is | D | Icamagu |
| | | E | Desmond Tutu |
| 1.3.4 | Die eerste organisasie wat in Suid-Afrika gestig is om spesifiek die Afrika Tradisionele Godsdiens na te vors | F | inisiasie |
| | | G | ketter |
| 1.3.5 | Iemand wat iets verstaan presies soos wat dit geskryf is, sonder om vir interpretasie te vinde te wees | H | Hoofman Albert Luthuli |
| 1.3.6 | 'n Deurgangsrite | | |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.6) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Piesang; Appel; Aartappel; Druiwe
ANTWOORD: 1.2.5 Aartappel. Die ander is almal vrugte.

1.4.1 Krishna; Vedanta; Vishnu; Shiva (2)

1.4.2 Ludwig Feuerbach; Richard Dawkins; Pous Benedict XVI; Karl Marx (2)

1.4.3 Ramayana; Mahayana; Theravada; Vajrayana (2)

1.4.4 Intlabi; Isangoma; Injoli; Ilima (2)

1.4.5 Halakhah; Vedas; Upanishads; Bhagavad Gita (2)

1.4.6 Tao Te Ching; Niebestaan; Tien Gebooie; Onvoorspelbaarheid (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Die meerderheid Moslems regdeur die wêreld behoort aan die Soenni-vertakking. (2)

1.5.2 Theravada-Boeddhisme word as esoteries beskryf want hulle geheime word slegs aan diegene onthul wat in die tradisie ingewy is. (2)

1.5.3 Tripitaka, wat 'drie mandjies' beteken', is 'n heilige boek van Hindoeïsme. (2)

1.5.4 'n Mantra is 'n godsdienstige teks. (2)

1.5.5 Sjinto, 'n godsdiens wat die aanbidding van die natuur insluit, het in China ontstaan. (2)

1.6 Skryf TWEE feite oor ELK van die volgende konsepte neer:

1.6.1 Allegorie (2)

1.6.2 Dogma (2)

1.6.3 Pali Kanon (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Gee die betekenis van ELK van die volgende woorde, in die konteks van godsdiens:

2.1.1 Ideologie (2)

2.1.2 Leerstelling (2)

2.1.3 Geloofsbelydenis (2)

2.1.4 Etiek (2)

2.1.5 Identiteit (2)

2.2 Beantwoord die vrae hieronder.

2.2.1 Noem enige TWEE van die Vyf Pilare en ook wat die invloed hiervan op die lewe van 'n Moslem is. (8)

2.2.2 Noem enige TWEE van die Tien Gebooie en ook wat die invloed hiervan op die lewe van 'n Jood of Christen is. (8)

2.3 Vergelyk hoe leringe van geslag tot geslag in Afrika Tradisionele Godsdiens en in Islam oorgedra word. (12)

2.4 Bespreek TWEE unieke leringe van ELK van die volgende godsdienste:

2.4.1 Judaïsme (4)

2.4.2 Die Bahá'i-geloof (4)

2.4.3 Boeddhisme (4)
**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VIND DIE OOSTE DIE WESTE?**

Volgens professor Sharma, 'n Hindoe professor van vergelykende godsdiens, veronderstel die konsep van godsdiensvryheid, verwoord in Artikel 18 van die Universele Verklaring van Menseregte ('UDHR'), 'n sekere konsep van godsdiens self, 'n konsep wat met Westerse godsdiens en kultuur geassosieer word.

'n Ander konsep van godsdiens, wat met Oosterse en veral die Hindoe-godsdiens en -kultuur geassosieer word, lei tot 'n ander konsep van godsdiensvryheid.

Tensy die gesprek oor menseregte hierdie twee konsepte van godsdiensvryheid kan harmoniseer, kan die teenstrydigheid van die twee konsepte, ironies genoeg, tot die uiteindelike beperking van godsdiensvryheid lei.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12 Learner's Book*]

3.1.1 Wat is die verskil tussen die *Westerse* en die *Oosterse* beskouing van godsdiensvryheid? (12)

3.1.2 Volgens professor Sharma, waarom is dit belangrik dat daar 'n gemeenskaplike en gelykvormige begrip van godsdiensvryheid moet wees? (2)

3.2 Noem DRIE wyses waarop godsdiensvryheid in Suid-Afrika beskerm word. (6)

3.3 Gee TWEE moontlike nadele van die volgende:

3.3.1 'n Gebrek aan godsdiensvryheid (4)

3.3.2 Godsdiensvryheid (4)

3.4 Bestudeer die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Baie godsdienste het leringe oor godsdiensvryheid, maar daar is dikwels verskille tussen leringe en die werklikheid.

3.4.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens, bespreek TWEE van die leringe daarvan wat godsdiensvryheid bevorder. (4)

3.4.2 Beskryf enige TWEE godsdienspraktyke wat godsdiensvryheid illustreer. (4)

3.4.3 Gee EEN voorbeeld van *godsdiensonverdraagsaamheid*. (2)

3.5 Waarom is dit belangrik om van beide ons regte en ons verantwoordelikhede ten opsigte van menseregte bewus te wees? (2)

3.6 Kies enige EEN godsdiens en bespreek die leringe daarvan wat gelykheid bevorder. (10)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENSTIGE VOOROORDEEL IN DIE MEDIA**

Daar is 'n aantal tekortkominge oor hoe godsdiens in die hoofstroom-media verteenwoordig word.

Die onregverdige behandeling van Moslems deur sekere joernaliste is een voorbeeld van onregverdige verslagdoening. Hierdie media-aandag aan godsdiens in besonder bestaan dikwels uit stories oor 'ekstremistiese' Moslems, terwyl die hoë vlakke van ekstremisme in ander godsdienste geïgnoreer word.

Die storie van goeie Christen/slegte Moslem word vertel deur wat gedruk word asook deur wat weggelaat word. Byvoorbeeld, die Noorweegse massamoordenaar, Anders Breivik, word nie deur die media as 'n Christen-terroris beskryf nie, alhoewel hy homself as 'n Christen en sogenaamde beskermer van Europese Christenskap geïdentifiseer het.

Die slagting by Srebrenica in 1995 is nog 'n voorbeeld. Dit is algemeen deur die media beskryf as die slagting van 8 000 Bosniese Moslem-mans en seuns deur Serwiërs. Daar word nie na die Serwiese militêre en politieke leiers, wat van oorlogsmisdade aangekla word, as Christen-terroriste verwys nie.

[Aangepas uit https://blogs.lse.ac.uk/religionglobalsociety/2016/08/the-conflict-between-religion-and-media-has-deep-roots/, 22 Augustus 2016]

4.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van bevooroordeelde verslaggewing wat in die artikel voorkom. (4)

4.1.2 Herskryf die TWEE voorbeelde wat jy in die antwoord op VRAAG 4.1.1 gegee het, SONDER enige vooroordeel. (4)

4.1.3 Wat is 'n *ekstremis*? (2)

4.1.4 Behalwe vir Islam en Christenskap, gee 'n voorbeeld van godsdienstige ekstremisme in ander godsdienste. (2)

4.1.5 Verwys na die uittreksel en verduidelik wat met *onregverdige behandeling van Moslems deur sekere joernaliste* bedoel word. (4)

4.1.6 Wat moet die hoofstroom-media doen om godsdienstige vooroordeel te vermy? (10)

4.1.7 Noem enige TWEE stappe wat godsdiensorganisasies kan gebruik om mediavooroordeel teenoor godsdiens te bekamp. (4)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**IN DIE NAAM VAN GODSDIENS**

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe ('CRL Rights Commission') het aangekondig dat hulle 'n nasionale godsdiensberaad, vir bywoning deur alle godsdiensleiers, gaan hou in 'n poging om 'n manier te vind om al die onregte wat gepleeg is, reg te maak. Die sameroeper van die kommissie, Pastoor Ray McCauley, het Vrydag 'n media-inligtingsessie gehou. Verskeie kerkleiers, waaronder die sekretaris-generaal van die Shembe-kerk en leiers van die Sion-Christenkerk, het die inligtingsessie bygewoon.

Godsdiensleiers verklaar dat hulle nie genoeg kan verskoning vra vir die verskriklike dinge wat in die naam van godsdiens plaasvind nie.

McCauley het gesê dat daar besluit is om 'n beraad te belê nadat die kommissie verslae bestudeer het dat godsdiensleiers besig was om gemeentelede se regte te skend. Hy het gesê dat die uitslag van die ondersoek 'n bron van 'verleentheid' was. 'Ons het die uitbuiting van mense, seksuele misbruik van mense, emosionele misbruik van mense aanskou. Dit alles en nog baie meer stel ons in 'n baie slegte lig.'

Die beraad is een stap deur godsdiensleiers in hulle pogings om die kommersialisering van godsdiens en die misbruik van mense se geloofstelsels te beveg.

[Aangepas uit https://www.news24.com/Sout]hAfrika/News/we-shouldve-spoken-up-about-religious-abuse-sooner-crl-20181130]

4.2.1 Verduidelik wat met die *kommersialisering van godsdiens* bedoel word. (2)

4.2.2 Waarom is dit vir godsdiensleiers maklik om hulle gemeentelede uit te buit (te misbruik)? (6)

4.2.3 In die artikel, wat word met 'n *beraad* bedoel? (2)

4.2.4 Volgens die artikel, watter probleme staar godsdienste in die gesig? (6)

4.2.5 Dink jy dat die beraad betekenisvolle oplossings sal vind vir die probleme wat in die artikel uitgelig word? Gee redes vir jou antwoord. (4)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdiensgemeenskappe het leiers van vredesonderrig geword, met die erkenning dat alhoewel geloofsverskille regdeur die geskiedenis tot konflik bygedra het, godsdienstiges op baie geleenthede 'n buitengewone vermoë vir versoening en diens aan ander getoon het.
>
> [Aangepas uit *Focus on Religion Studies Grade 12*]

Noem TWEE wyses waarop ELK van die volgende godsdiensleiers intergodsdienstige verhoudinge bevorder het:

5.1.1 Swami Vivekananda (4)

5.1.2 Die Dalai Lama (4)

5.2 Die Program vir Christen-Moslemverhoudinge in Afrika ('PROCMURA') en die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) is twee intergodsdienstige organisasies in Afrika.

5.2.1 Wat is die verskil tussen die doelwitte van die twee organisasies? (4)

5.2.2 Noem VIER prestasies van die IFAPA. (8)

5.2.3 Gee EEN funksie van die Nasionale Godsdiensleiersforum. (2)

5.3 Verduidelik die volgende terme met verwysing na intergodsdienstige verhoudinge:

5.3.1 Sinkretisme (2)

5.3.2 Pluralisme (2)

5.3.3 Inklusiwiteit (2)

5.4 Gee EEN voorbeeld van 'n intragodsdienstige organisasie (een wat binne 'n enkele godsdiens bedryf word) en noem TWEE van die funksies daarvan. (6)

5.5 Wat leer Afrika Tradisionele Godsdiens oor tussengangers? (10)

5.6 Hindoeïsme leer oor die Ashramas of vier stadiums van lewe. Noem DRIE van hierdie Ashramas. (6)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou